Belê in Sukses

Hy het van junior assistent-voedselbestuurder by 'n hotel tot besturende direkteur van 'n vooraanstaande bank se sake in Swaziland gevorder. **SIERAAJ AHMED** het met Tineyi Mawocha gepraat om meer uit te vind oor 2009 se top Meesters in Ontwikkelingsfinansies-gegradueerde.

HY IS DIE BESTURENDE direkteur van 'n bankreus se bedrywighede in Swaziland, die voorsitter van Swaziland se Bankvereniging en die huidige voorsitter van die SAOG se Bankvereniging – maar Tineyi Mawocha (45) moes tot onlangs toe nog baie tyd afstaan om mense (insluitend homself) te oortuig dat hy enigsins in die regte bedryf werk.

Maar dié man wat onlangs sy Meesters in Ontwikkelingsfinansiesgraad (MDevF) aan die USB behaal het, hoef nie meer skeptici aan sy indrukwekkende lys prestasies te herinner nie.

Mawocha het verlede Desember sy MDevF-graad cum laude geslaag en terselfdertyd die MDevF Topstudenttoekenning ontvang wat deur die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika geborg is sowel as die prys vir die beste prestasie in die vak Kleinskaalondernemingsontwikkeling.

"Ek was heeltemal verras," sê Mawocha, besturende direkteur van Standard Bank Swaziland. "Ek het baie hard gewerk, maar ek het nie gedink ek is die topstudent nie."

Dit was 'n soete oorwinning vir Mawocha van Zimbabwe, want sy loopbaanpad vóór bankwese het beteken dat hy dikwels vrae moes beantwoord oor hoe hy in die eerste plek in die bankbedryf beland het. "Ek het 20 jaar gelede met 'n diploma in hotel- en spysenieringsbestuur begin," sê hy al laggende. "Mense wil uiteraard weet hoe ek gevorder het van 'n hotel bestuur tot landwye strategieë vir 'n bankgroep beplan!"

'Ek kon nie help om te dink dat die leiers van Afrika-lande hierdie kursus nodig het nie …'

Tineyi Mawocha was die USB se beste Meesters in Ontwikkelingsfinansies-student in 2009. Daarby is hy besturende direkteur van Standard Bank Swaziland en voorsitter van die SAOG se Bankvereniging.

Hy het binne vier jaar van 'n junior assistentbestuurder in voedsel en drank by 'n hotel in Harare gevorder tot hoofbestuurder met 350 werknemers onder hom. Hy het in die mid-1990's as besturende direkteur van Nando's in Zimbabwe oorgeneem waarna die maatskappy aan hom die opdrag gegee het om beleggingsge-

leenthede in lande soos Mosambiek, Zambië, Kenia en Malawi te identifiseer.

Sy skuif na die banksektor het amper toevallig gebeur nadat Mawocha sy MBA (in 2000) by die Universiteit van Zimbabwe voltooi het. Hy het aansoek gedoen vir 'n werk wat gevra het vir iemand met 'n MBA sowel as 'n agtergrond in dienste en kleinhandel. "Ek het aanvaar dit is 'n pos vir iemand in die vlot verkoopbare verbruikersgoederebedryf en toe hulle vir my sê dit is vir 'n bank het ek geantwoord: 'Ek is nie vir die werk geskik nie'. Maar hulle het aangedring dat ek presies was waarna hulle gesoek het."

Mawocha het in 2001 as die bank se areabestuurder vir Suidoos-Gauteng begin en vinnig gevorder tot hy in 2005 as besturende direkteur in Swaziland aangestel is. "Teen daardie tyd het ek al 'n paar jaar se ondervinding in die bankbedryf opgedoen, maar ek het nog steeds gevoel ek het 'n agterstand. Toe ek van die USB se MDevF-program hoor, besef ek die vakke is presies waarna ek gesoek het. Dit het perfek ingepas in die omgewing waarin ek werk. Dit was die graad wat ek nodig gehad het om my bankloopbaan verder te ondersteun."

Die modulêre MDevF-graad van twee jaar is 'n betreklik nuwe program wat sedert 2003 by die USB aangebied word. Dit lê klem op ontwikkelingsfinansies en Afrika se groeibehoeftes – 'n vakgebied wat Mawocha na aan die hart lê. "Ek word gedryf deur die behoefte om 'n verskil te maak – in my werkomgewing, in my gemeenskap en in Afrika. Ons vasteland is ryk aan natuurlike sowel as intellektuele hulpbronne, maar dit moet blootgestel en geslyp word. Oplossings vir Afrika se probleme moet uit Afrika kom – en programme soos die MDevF bied vrugbare grond waarin hierdie oplossings wortel kan skiet. Toe ek besef die MDevF is die enigste program van hierdie aard op die vasteland het ek geweet ek moes dit hê."

Mawocha het in die middel van 2007 by die USB begin as deel van 'n klas van sowat 80 studente wat uit gekom het. "Ons moes vir twee jaar lank vier sessies van twee weke elk in Kaapstad bywoon én nog 'n navorsingsverslag ook inhandig. Dit was regtig intens; met soveel werkstukke saam met my gewone werk het sperdatums my lewe regeer. Die MDevF is baie veeleisend, maar dit is 'n ongelooflike ervaring. Jy leer en groei so baie, en jy vorm netwerke met eendersdenkende mense van regoor die wêreld."

Sy klasmaats het uit Nigerië, Zambië, Malawi, Mosambiek, Zimbabwe, Namibië, Botswana, en selfs Japan en Amerika gekom. "Sommige van hulle het reeds doktorsgrade gehad; ander was senior staatsamptenare. Maar ons wou almal meer leer oor die passie wat ons deel: ontwikkelingsfinansies. Dit was 'n netwerkervaring van onskatbare waarde: hierdie mense het vriende en kontakte oor die hele wêreld geword. As ek nou op iets nuuts in my werk afkom, kan ek deur my klasdatabasis kyk en 'n persoon in die regte sektor kontak, of iemand met eerstehandse kennis van die land waarvan ek meer wil leer."

Studente moet bo en behalwe die MDevF se lang lys van kernvakke (wat Korporatiewe Bestuurstoesig, Navorsingsmetodologie en Projekfinansies insluit) ook drie keusevakke uit 'n lys kies waarop onder meer Mikrofinansies en Openbaresektor-finansies verskyn. Mawocha se gunstelingvak was een van die keusevakke wat hy gekies het, naamlik Afrika-lande se Risiko- en Opbrengsontleding.

"Ek het al my vakke geniet en almal was 'n uitdaging," sê hy. "Maar Afrika-risiko staan vir my uit. Die kursus kyk na scenario's: jy kyk anders na Afrika-lande se ontwikkelingsalternatiewe en karteer die wyse waarop dinge kan verloop. Dit daag regtig jou denkpatrone uit. Ek kon nie help om te dink dat die leiers van Afrika-lande hierdie kursus nodig het nie … Die MDevF word toenemend gewild as gevolg van sy verdienstelike reputasie by dié wat in die ontwikkeling van Afrika en ander onderontwikkelde gebiede belang stel."

Die scenariobeplanning het hom ook toegerus met 'n praktiese nuwe vaardigheid wat hy in sy werk kon toepas. "Ek kan nou verskillende scenario's in enige situasie raaksien. Dit is 'n baie nuttige hulpmiddel om my besluitneming te verbeter. Jy kan 'n groot 'landwye' konsep neem en dit verklein om in jou eie werksituasie toe te pas."

Sedert hy sy graad ontvang het, kan Mawocha (effens) meer tyd saam met sy vrou Gail en hul drie kinders deurbring. Hy het ook meer tyd vir die gemeenskapsprojekte waarby hy betrokke is – soos die Swaziland Business Coalition on HIV/Aids en die Swaziland Child Hunger Alleviation Foundation (waarvan hy die voorsitter is).

Maar hy het reeds sy oog op sy volgende loopbaandoelwit. "Ek wil graag 'n PhD in Ontwikkelingsfinansies doen, en in 'n groter Afrikaland werk waar ek dít wat ek geleer het in die praktyk kan toepas."

Mawocha sê die akademie is vir hom ook 'n aanloklike opsie. "Ek sal dit geniet om klas te gee as nóg 'n manier om terug te ploeg in my gemeenskap en vasteland. Maar ek dink ek wil net eers 'n blaaskans neem … net vir 'n jaar of twee, nie langer nie!" a

Tineyi Mawocha se wenke vir sukses

- Vertrou op God – of enige krag wat groter is as jyself.
- Probeer om die beste te wees in wat jy ook al doen.
- Wees passievol oor die ontwikkeling van mense. Jou nalatenskap word deur ander mense gedoen.

Kry meer inligting

oor die USB se Meesters in Ontwikkelingsfinansies by www.usb.ac.za/Degrees/MastersInDevelopmentFinance